Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, April 10, 2022

Page: 16

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

# Pasop as jy beleggings in 'n trust doen



## Gewaande belastingvoordeel soos stert wat hond swaai

Is dit regtig tot jou voordeel om jou beleggings in 'n trust te hou?

Veral met die klem op 'n belastingvoordeel?

Ek meen nee, maar kom ons kyk.

'n Trust (ek praat hier spesifiek van 'n trust in die ware sin, jou tipiese familietrust) is 'n instrument wat met vrug gebruik kan word in boedelbeplanning. Dit is een tegniek, een van etlike, om 'n bepaalde finansiële behoefte of risiko te hanteer.

Maar 'n trust is nie net 'n instrument nie. Dit het, veral hier van 1994, ook 'n produk geword. Een wat ywerig gesmous word deur mense wat nie altyd die verbintenis tussen leuens en halwe waarhede verstaan nie.

En die groot verkooppunt?

Belasting. Wat anders?

Ek glo dat 'n mens, veral as jy etiese beginsels aan die skadukant van jou bemarking bêre, enigiets kan verkoop as jy 'n "belastingvoordeel" daaraan kan koppel. Niemand wil onnodig belasting betaal nie. En almal spits die ore vir 'n belastingvoordeel.

Die waarheid is, 'n trust betaal belasting teen 'n baie hoër koers as 'n individu. Op inkomste, wat rente-inkomste op beleggings insluit, betaal 'n trust 45% van die eerste rand. 'n Individu betaal tussen 18% en 45% op belasbare inkomste en raak eers aan die 45%-koers op 'n belasbare-inkomstebedrag bo R1 731 600 per jaar.

Kapitaalwinsbelasting (KWB) in 'n trust - as ons van beleggings praat, dus op die verkoop van aandele in die belegging - word gehef teen 36%. 'n Individu betaal KWB teen 'n maksimum koers van 18%.

En dan eers ná die jaarlikse vrystelling van R40 000; 'n vrystelling wat 'n trust nie het nie.

Die trust self kan belasting bespaar op twee maniere. Die een maak sin, die ander nie.

As die trust 'n polis gebruik waarin die geld belê word, maak dit sin. Byvoorbeeld, in 'n polis word belasting gehef teen net 30% op rente- en huurinkomste, teenoor 45% in die trust.

Die ander manier is om inkomste in die jaar wat dit verdien word toe te ken aan die begunstigdes, wat dan belasting daarop betaal teen die koers wat individue geld.

Dit skep weer 'n horde probleme, waarvoor ek nie hier plek het nie.

**Een stukkie halwe waarheid**

Wat belangrik is om op te let is dat die inkomste wat so toegeken word dan in die boedel/s van daardie begunstigde/s beland en onder meer vatbaar is vir krediteure. En baie, baie belangrik, dis nie meer joune nie.

Hoekom op aarde jou geld belê as die groei daarop jou nie toekom nie?

Die "belastingvoordeel" is maar een stukkie halwe waarheid.

Die waarheid verder is dat trustbates nie meer joune is nie. Nou vra ek jou met trane in die oë, hoekom sal ek my beleggingsgeld gaan weggee aan iemand anders, die trustee, net om 'n (gewaande) belastingvoordeel te bekom?

'n Trust is 'n ooreenkoms tussen die trustoprigter (jy, in hierdie geval) en die trustee, wat dan die bate (die belegging in ons voorbeeld) moet bestuur tot voordeel van 'n derde party, die begunstigde.

Hier is nou jou eerste probleem. Kom ons sê jy het R5 miljoen op belegging.

Om dit aan die trust oor te dra gaan jou R980 000 aan geskenkbelasting kos.

Skielik het jou belegging met 19,6% gedaal. Nog voordat jy die koste vir die oprigting van die trust, trusteetarief, ouditeurstarief en dies meer in ag geneem het. En nog voordat jy met die belastingprobleem, wat ek hierbo bespreek, begin worstel het.

En die geld is nie meer joune nie. Dit behoort nou aan die trust. Jy kan hoogstens 'n begunstigde wees. En as die beleggingsgroei jaarliks aan jou toegeken word, word jy daarop belas, wat beteken jy het absoluut niks reggekry deur die geld in 'n trust te plaas nie. Of dit word in die trust belas teen 'n hoër belasting as wat jy sou betaal het.

**Ek weet, almal weet...**

Nou, ek weet, die howe weet, die meester weet, almal weet dat sulke trusts in werklikheid steeds beheer word deur die trustoprigter. Wie met 'n greintjie verstand gaan tog al sy beleggingsgeld aan iemand anders gee en sê, vat dit, sorg jy nou vir my soos jy goeddink?

En dis net hier waar die grootste probleem lê. Ons het 'n lang lys hofsake wat deur hierdie skyn kyk na waar die werklike beheer van die trustbate lê. En so kan jy ook al die voordele van 'n trust, soos dat die bate nie in jou boedel val nie, verloor.

Die saak *Land and Agricultural Bank vs Parker* (2004) is waarskynlik die bekendste; waar die appèlhof dit duidelik gemaak het dat die howe nie meer hierdie tipe misbruik van trusts gaan toelaat nie.

En in die saak *Thorpe vs Trittenwein* (2006), waar die hof beklemtoon het dat daar 'n onderskeid moet wees tussen eienaarskap (die trustees het eienaarskap) en die genot van die bate (die begunstigdes in ooreenstemming met die klousules in die trustakte).

Ek het hier oorsigtelik 'n paar slaggate uitgelig. My kernboodskap vandag is, soos altyd, pasop as die belastingstert die beleggingshond begin swaai. Maar veral as daar nog 'n trust ook staangemaak word.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.